Wys my die weg, Here

# Ek is die opstanding en die lewe

## Bybelteks

*Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie ..."*

**– Johannes 11:25-26**

## Kernwaarheid

**Wie in Jesus glo, het die ewige lewe.**

### WELKOM

- Watter bekende mense in die geskiedenis sou jy wou terugbring uit die dood?

- Wat sou jy vir hulle wou vra?

### WONDER

- Waarom dink jy het Jesus gewag voordat Hy na Lasarus toe gegaan het?

- Hoe dink jy het Martha en Maria gevoel toe Jesus "te laat" gekom het?
- Ons lees in die verhaal dat Jesus gehuil het. Wat leer die vir ons van Jesus?
- Hoe dink jy het die mense gereageer toe Lasarus uit die graf gestap het?
- Wat beteken Jesus se woorde: "Ek is die opstanding en die lewe"?

## WEES

- Het jy al ooit 'n tyd beleef waar jy gevoel het God kom "te laat"? Hoe het jy dit hanteer?
- Wat beteken die volgende afleiding oor die teksgedeelte vir jou: Jesus ontmoet jou waar jy is wanneer jy hartseer is.

## WEGSTUUR

Dink hierdie week na oor Jesus wat die opstanding en die lewe is, en wat dit vir jou beteken.